MEDIA RELEASE
BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)

21 June 2010

Hersirkulering van uitgevangde kaders duur voort

"Hoe moet die regering se beloftes van skoon regering ernstig opgeneem word as voortgegaan word om kaders wat op een plek vasbrand, bloot elders te hersirkuleer?" So vra ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese party (CDP) en waarnemende voorsitter van die Christen-Demokratiese Alliansie (CDA) na aanleiding van die onthullings dat die ministerie verantwoordelik vir plaaslike regering, die kontrak van mnr. Kenny Leluma as waarnemende munisipale bestuurder vir die Dr. Kenneth Kaunda-munisipaliteit by Ventersdorp verleng het.

"Terwyl Ventersdorp nou sal voortgaan om finansieel dood te bloei deur minister Sicelo Shiceka se onbereidwilligheid om in te gryp en 'n persoon wat reeds bewys het dat hy nie die pyp kan rook nie, te verwyder, bou die minister self 'n reputasie op wat die wenkbroue laat lig. Hy was pas in die nuus oor sy CV onakkuraathede bevat het, en kort daarvoor toe dit geblyk het sy eie munisipale rekening in Midrand was beduidend in die rooi."

"Die ergste van alles is egter dat hy met erge dreigemente teenoor belastingbetalersverenigings vorendag gekom het, en die skuld vir munisipaliteite se leë geldkaste op dié verenigings gepak het. In werklikheid is daardie geld veilig in trustfondse en wanneer dit aangewend word, is dit om dienste te lewer wat munisipaliteite versuim om te lewer. Met die Shiceka-opsie word groot bedrae geld aangewend sonder enige sigbare teken van beterskap, met duidelik ook geen vooruitsig vir beterskap solank die opsie uitgeoefen word nie."

"Dit gebeur by herhaling, net te veel om enige beloftes van skoon administrasie met enige greintjie geloofwaardigheid te laat. In enige ander demokratiese land sou die minister in die lig van enige van bogenoemde onthullings sy tassies gepak en geloop het. Ons sal egter ons asem mors om hom te vra om te loop."

Recycling of caught out cadres continues

"How can one believe the promises government make, which is to get rid of corruption and mismanagement, if their practice of redeploying their members after they are caught out, simply continues?" So asks Rev. Theunis Botha, leader of the Christian Democratic Party (CDP) and acting chair of the Christian Democratic Alliance (CDA). He was reacting to the news that Minister Sicelo Shiceka has extended the contract of Mr. Kenny Leluma as acting municipal manager at the Dr. Kenneth Kaunda Municipality at Ventersdorp.

"Whilst Vendersdorp will continue to bleed dry through the minister's unwillingness to intervene by removing a person proven to be unsuitable, the minister himself is building his own reputation, which includes his own inaccurate CV which he submitted and his own municipal account at Midrand which, when it came to light, was very seriously in arrears."

"Most significantly, Shiceka has come out guns blazing attacking municipal taxpayers association, and blaming them for causing municipal purses to run dry. At least, in the process they have put in place, no municipal money is lost, and when used it will be used to deliver municipal services, which it appears the municipalities are not delivering.

"With the Shiceka option, huge amounts of money are spent but with no improvement in service delivery, and also no prospect for improved service delivery as long as this option is applied. This is simply, re-occurring too often, which makes it difficult to take any promises of clean government seriously. In any other democratic country a minister would have to resign on any of the above mentioned grounds. We realise, however that we will be wasting our breath if we try to urge the minister to do precisely that!"